

# DIE BRIEF AAN DIE KOLOSSENSE

## Inleiding

Hierdie brief maak saam met die briewe aan die *Efesiërs*, *Filippense* en *Filemon* die viertal geskrifte uit wat bekend staan as Paulus se gevangenskapsbriewe.

Paulus word drie keer as outeur van *Kolossense* vermeld (1:1,23; 4:18). Die kerklike tradisie het die Pauliniese outeurskap van hierdie brief ook konsekwent aanvaar. By twee geleenthede is Paulus vir redelike lang tydperke as gevangene aangehou — tussen 56 en 58 nC in Caesarea en tussen 59 en 61 nC in Rome (vgl die inleiding tot *Efesiërs*). Soos *Efesiërs* is *Kolossense* waarskynlik tydens een van hierdie twee tydperke geskryf. Die sterk ooreenkomste tussen *Kolossense* en *Efesiërs* is geen deurslaggewende bewys teen die Pauliniese outeurskap van enige van hierdie twee briewe nie. Op grond van die opvallende ooreenkomste tussen *Kolossense* en *Efesiërs* het sommige navorsers tot die gevolgtrekking gekom dat *Kolossense* eerder deur 'n volgeling van Paulus geskryf is wat onder meer van materiaal uit *Efesiërs* gebruik gemaak het. Die argumente teen Paulus as skrywer is egter geensins deurslaggewend nie (vgl ook die inleiding tot *Efesiërs*).

Die brief word gerig aan die gelowiges in Kolosse, 'n groterige dorp geleë aan die Likusrivier in Klein-Asië, nie ver van Laodisea (vgl 4:16) en Hiërapolis nie. Die gemeente in Kolosse is nie deur Paulus gestig nie (2:1), maar heel moontlik deur Epafras (1:7; 4:12).

Die brief kan getipeer word as 'n verweerskrif. Paulus het deur Eprafas van die gelowiges in Kolosse se geloof en liefde gehoor, maar ook dat hulle aan dwaallerings blootgestel word. Hy skryf aan hulle om die dwaalleer deur die ware evangelie van Jesus Christus te weerlê. Die apostel se aanslag is om aan te spoor, op te voed en te bemoedig.

Die dwaalleer wat Paulus bestry, het beoog om die boodskap van Christus met nie-christelike werklikheidsbeskouings te versoen.

Daarvolgens moes gelowiges, om God te ken en die volle verlossing te ervaar, harmonie nastreef met bepaalde kosmiese magte, wat as hemelse wesens beskou is (2:16-23). Die viering van sekere feeste, soos die Nuwemaan en die Sabbat (2:16), sowel as asketiese praktyke (2:20-21), was hierby ingesluit. Paulus wys daarop dat die dwaalleer die volstrekte heerskappy van Christus en die volkomenheid van sy verlossing in gedrang bring. Die aangrypende Loflied aan die Seun (Kol 1:13-20) neem 'n sentrale plek in sy betoog in. Wie in verbondenheid met Christus leef, is volkome verlos, en deel in die volheid van God.

Die boek kan soos volg ingedeel word:

1:1-2 Brieffaanhef

1:3-12 Danksegging

1:13-20 Loflied aan die Seun

1:21-23 Versoening met God

1:24 — 2:5 Bekendmaking van God se misterie

2:6 — 3:17 Nuwe lewe in verbondenheid met Christus

3:18 — 4:6 Voorskrifte vir verhoudings

4:7-18b Laaste opdragte en groete

4:18c Seëngroet

# 1

<sup>1</sup> Paulus, 'n •apostel van •Christus Jesus deur die wil van God,\* en die broer Timoteus,

<sup>2</sup> aan die heiliges<sup>a</sup> in Kolosse, gelowige broers<sup>b</sup> in Christus:  
Genade vir julle en vrede van God, ons Vader!<sup>c</sup>

## Danksegging

<sup>3</sup> \*Elke keer wanneer ons vir julle bid, dank ons God die Vader van ons Here Jesus •Christus. <sup>4</sup> \*Dit doen ons, want ons het gehoor van julle geloof in Christus Jesus en die liefde wat julle vir al die •heiliges het, <sup>5</sup> op grond van die hoop wat in die hemel op julle wag.\* Julle het al hiervan gehoor toe die woord van die waarheid, die evangelie,\* <sup>6</sup> julle bereik het. Soos oral in die wêreld,\* het die evangelie, van die dag dat julle van God se genade gehoor en dit werklik verstaan het, ook onder julle begin vrug dra en groei.\* <sup>7</sup> Dit het julle geleer by Epafra, ons geliefde medewerker,<sup>d</sup> wat ter wille van julle 'n getroue dienskneg van Christus\* is. <sup>8</sup> Dit was ook

---

\* **1:1 Paulus ... God:** 1 Kor 1:1; Ef 1:1

<sup>a</sup>**1:2 heiliges:** Mense wat vir die diens van God afgesonder en aan Hom gewy is. Wanneer gelowiges “heiliges” genoem word, verwys dit nie na hulle morele opvattinge of voortreflike eienskappe nie, maar na die werklikheid dat hulle aan God, as die Heilige, behoort.

<sup>b</sup>**1:2 broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

<sup>c</sup>**1:2 Vader:** Sommige mss voeg hierna in “en van die Here Jesus Christus”. Dit ontbreek in die •bronteks.

\* **1:3 Ef 1:16; 1 Thess 1:2**

\* **1:4 Ef 1:15**

\* **1:5 die hoop ... wag:** 1 Pet 1:4

\* **1:5 die woord ... evangelie:** Ef 1:13

\* **1:6 Soos ... wêreld:** 1 Tim 3:16

\* **1:6 begin ... groei:** Rom 1:13

<sup>d</sup>**1:7 medewerker:** Letterlik ‘medeslaaf’.

\* **1:7 Epafra ... Christus:** Kol 4:12

hy wat ons vertel het van die liefde wat die Gees in julle bewerk het.

<sup>9</sup>Daarom dan, van die dag dat ons dit gehoor het, hou ons nie op om vir julle te bid nie. Ons bid dat julle vervul mag word met die volle kennis van God se wil\* deur al die wysheid en insig wat die Gees gee,\* <sup>10</sup>om 'n lewe te lei wat die Here waardig is en Hom in alles tevrede te stel\* terwyl julle vrug dra deur elke goeie werk,\* en groei in die kennis van God, <sup>11</sup>en deur die mag van sy heerlijkheid al die krag ontvang\* om geduldig in alles te volhard. Met blydskap <sup>12</sup>moet julle die Vader dank omdat Hy julle geskik gemaak het om deel te hê aan die heiliges se erfdeel\* in die lig.

### Loflied aan die Seun

<sup>13</sup>God het ons uit die mag van die duisternis\* gered en verplaas na die •koninkryk van sy geliefde Seun\* —

<sup>14</sup>\* deur wie ons bevryding, die vergifnis van sondes ontvang het.

<sup>15</sup>Die Seun is die beeld van die onsigbare God,\*\* die •Eersgeborene oor die hele skepping,<sup>e</sup>

---

\* **1:9** kennis ... wil: Ef 1:9; 5:17

\* **1:9** Ons bid ... Gees gee: Ef 1:15-17; Fil 1:9

\* **1:10** om ... stel: Ef 4:1; Fil 1:27

\* **1:10** terwyl ... werk: Ef 2:10

\* **1:11** deur ... ontvang: Ef 1:19; 3:16

\* **1:12** heiliges se erfdeel: Ef 1:18

\* **1:13** mag ... duisternis: Luk 22:53; Ef 2:2; 6:12

\* **1:13** sy ... Seun: Matt 3:17; Ef 1:6

\* **1:14** Ef 1:7

\* **1:15** beeld ... God: 2 Kor 4:4; Heb 1:3

\* **1:15** die onsigbare God: Joh 1:18; 1 Tim 6:16

<sup>e</sup>**1:15** Eersgeborene ... skepping: Word ook vertaal “Eersgeborene van die hele skepping”.

<sup>16</sup> \*want deur Hom het God alles geskep:  
alles in die hemel en op die aarde,  
die sigbare en die onsigbare dinge,  
of dit koninklike of heersende magte,  
owerhede of gesagvoerders —  
alles is deur Hom en tot Hom geskep.

<sup>17</sup> Hy het voor alles bestaan, \*  
en in Hom hou alles stand.

<sup>18</sup> Hy is die Hoof van die liggaam, die •kerk.\*

Hy is die oorsprong,  
die Eersgeborene uit die dood<sup>f\*</sup>  
sodat Hy in alles die eerste plek kon inneem,  
<sup>19</sup> <sup>g\*</sup>want God het dit goedgevind  
om die hele volheid in Hom te laat woon,  
<sup>20</sup> en om deur Hom alles,  
ja, alles op aarde en in die hemel,\*  
met Homself te versoen,\*

---

\* **1:16** Joh 1:3,10

\* **1:17** Hy ... bestaan: Joh 1:1; 8:58

\* **1:18** Hy ... kerk: Ef 1:22-23; 4:15; 5:23

<sup>f</sup>**1:18** *Eersgeborene ... dood*: Letterlik ‘Eersgeborene vanuit die dooies’, met ander woorde die Een wat eerste uit die dood opgestaan het.

\* **1:18** Hy is die oorsprong ... dood: Hand 4:2; 26:23; Op 1:5

<sup>g</sup>**1:19** Word ook vertaal “want die hele volheid het dit goedgevind om in Hom te woon”, of “God het dit goedgevind om sy volle wese in Hom te laat woon”.

\* **1:19** Joh 1:16; Ef 1:23; Kol 2:9

\* **1:20** ja ... hemel: Ef 1:10

\* **1:20** en om ... versoen: Ef 1:7; 2:16; 1 Joh 2:2

deurdat Hy vrede gebring het  
deur sy bloed aan die kruis.\*

### Versoening met God

<sup>21</sup> Ook julle was voorheen van Hom vervreem, ja, vyandiggesind\* teenoor Hom op grond van julle slegte dae, <sup>22</sup> maar nou het Hy julle deur sy menslike liggaam met Homself versoen, sodat Hy julle, deur sy dood,\* heilig en sonder foute en onberispelik voor Hom kan stel —\* <sup>23</sup> mits julle in die geloof bly,\* stewig gevestig en standvastig, sonder om weg te beweeg van die hoop wat die evangelie bring. Dit is die evangelie wat julle gehoor het en wat in die hele skepping onder die hemel verkondig is\* en waarvan ek, Paulus, 'n dienaar geword het.

### Bekendmaking van God se misterie

<sup>24</sup> Nou is ek bly oor die lyding wat ek om julle onthalwe verduur.\* Ja, met my liggaam vul ek die oorblywende deel van die verdrukkinge van •Christus aan, tot voordeel van sy liggaam, die •kerk, <sup>25</sup> \* waarvan ek 'n dienaar geword het, ooreenkomstig die bedieningstaak wat God aan my toevertrou het om in julle belang die woord van God volledig bekend te maak. <sup>26</sup> \* Die misterie wat vir eeue en geslagte lank verborge was, is nou

---

\* **1:20** *deurdat ... kruis:* Rom 5:1; Ef 2:13

\* **1:21** *Ook ... vyandiggesind:* Rom 5:10; Ef 2:12; 4:18

\* **1:22** *maar ... dood:* Ef 2:14,16

\* **1:22** *sodat ... stel:* Ef 5:27

\* **1:23** *mits ... bly:* Heb 3:14

\* **1:23** *en wat ... verkondig is:* Mark 16:15; 1 Tim 3:16

\* **1:24** *Nou ... verduur:* Ef 3:13

\* **1:25** Ef 3:2,7-8

\* **1:26** Rom 16:25-26; Ef 3:3,5,9-10

aan sy •heiliges bekend gemaak.<sup>27</sup> God het besluit om aan hulle bekend te maak hoe ryk die heerlijkheid\* van hierdie misterie vir alle nasies is:\* Christus is in julle, die hoop op die heerlijkheid.\*<sup>28</sup> Hom verkondig ons terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, sodat ons elke mens daar kan stel as volwasse<sup>h</sup> in Christus.\*<sup>29</sup> Daarvoor span ek my ook in, terwyl ek die worstelstryd voer<sup>i</sup> in ooreenstemming met sy krag wat met mag in my werk.\*

## 2

<sup>1</sup> Ek wil hê julle moet weet hoe 'n groot stryd ek het — vir julle, vir diegene in Laodisea en vir diegene wat my nog nie van aangesig tot aangesig gesien het nie.<sup>2</sup> Dit is my doel dat hulle harte, deur liefde saamgebind bemoedig mag word en dat hulle kan kom tot die volle rykdom van allesomvattende insig, ja, tot die kennis van die misterie van God, naamlik •Christus,\*<sup>3</sup> in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is.\*<sup>4</sup> Dit sê ek sodat niemand julle met slinkse argumente om die bos sal lei nie.<sup>5</sup> Al is ek wel nie liggaamlik teenwoordig nie, is ek in die gees by julle\* en baie bly om te sien hoe ordelik julle optree en hoe

---

\*1:27 hoe ryk die heerlijkheid: Ef 1:18

\*1:27 God ... nasies is: Rom 16:25; Ef 1:18; 3:9

\*1:27 Christus ... heerlijkheid: 1 Tim 1:1

<sup>h</sup>1:28 volwasse: Word ook vertaal “volmaak”.

\*1:28 sodat ... Christus: Ef 4:13

<sup>i</sup>1:29 worstelstryd voer: 'n Beeld afkomstig van die destydse spele; vgl Kol 2:1; 2 Tim 4:7.

\*1:29 in ooreenstemming ... werk: Ef 3:7,20; Fil 4:13

\*2:2 misterie ... Christus: Ef 3:4; Kol 1:26; 4:3

\*2:3 Jes 45:3; 1 Kor 1:24,30; Ef 3:19; Henog 46:3 •Pseudepigrawe

\*2:3 die skatte ... verborge is: Spr 2:3-4

\*2:4 Rom 16:18; Ef 5:6; Kol 2:8

\*2:5 Al is ... by julle: 1 Kor 5:3

vas julle geloof in Christus is.

### **Sterwe en opstanding met Christus**

<sup>6</sup> Aangesien julle dus Christus Jesus die Here aangeneem het, bly leef in Hom; <sup>7</sup> in Hom is julle gewortel en in Hom word julle opgebou\* en versterk in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle oorvloedig is in dankbaarheid. <sup>8</sup> \*Pasop dat niemand julle meevoer deur 'n filosofie en leë bedrieëry, wat gegrond is op menslike tradisie en teorieë oor die kosmiese elemente,<sup>j</sup> en nie op Christus nie. <sup>9</sup> \*Want in Hom woon die hele volheid van die Godheid liggaamlik. <sup>10</sup> En in Hom, wat Hoof oor elke heerskappy en mag is,\* is julle met hierdie volheid vervul. <sup>11</sup> \*In Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis deur mensehande nie, maar deur die besnydenis van Christus,<sup>k</sup> waardeur julle sondige bestaan weggeneem is.<sup>l</sup> <sup>12</sup> \*Omdat julle in die doop saam met Hom begrawe is, is julle ook saam met Hom opgewek\* deur die geloof in die krag van

---

\***2:7** in Hom ... opgebou: Ef 2:20,22

\***2:8** Rom 16:18; Ef 5:6; Kol 2:4

<sup>j</sup>**2:8 kosmiese elemente:** Kan ook vertaal word “basiese elemente van die wêreld”. Die dwaalleer in Kolosse het die kosmiese elemente as magte vergoddelik, en bepaalde gedragsvoorskrifte in diens van hierdie magte voorgeskryf.

\***2:9** Joh 1:14,16

\***2:10** wat ... mag is: Ef 1:21-22

\***2:11** Rom 2:29

<sup>k</sup>**2:11 besnydenis van Christus:** Hiermee word nie gewys op 'n besnydenis wat Christus ondergaan het nie, maar wat Hy deur sy kruisdood bewerk het.

<sup>l</sup>**2:11 deur die besnydenis ... weggeneem is:** Letterlik ‘in die wegneem van die liggaam van die vlees deur die besnydenis van Christus’.

\***2:12** Rom 6:4

\***2:12** is julle ... opgewek: Kol 3:1



God wat Hom uit die dood opgewek het.\* <sup>13</sup> Ja, toe julle dood was as gevolg van julle oortredinge, en julle sondige aard nog nie weggesny was nie, het Hy julle saam met Hom lewend gemaak\* deurdat Hy al ons oortredinge vergewe het. <sup>14</sup> Hy het die skuldbewys met sy aanklagte teen ons uitgewis en dit blywend weggeneem\* toe Hy dit aan die kruis vasgespyker het.\* <sup>15</sup> Nadat Hy hierdeur die gesagvoerders en maghebbers ontwapen het, het Hy hulle in die openbaar tot skande gemaak toe Hy hulle in sy triomftog<sup>m</sup> meegevoer het.

<sup>16</sup> \*Moet dus nie dat iemand julle oordeel oor wat julle eet of drink of oor 'n fees, 'n nuwemaansfees of 'n Sabbat nie. <sup>17</sup> Hierdie dinge is net 'n voorafskaduwing van dit wat aan die kom was,\* maar die werklikheid<sup>n</sup> is Christus. <sup>18</sup> Moenie dat iemand wat aandring op selfvernedering en die aanbidding van engele, en wat hom verdiep in visioene wat hy gesien het, julle van die prys beroof nie. As gevolg van sy sondige aard dink hy sonder rede baie van homself <sup>19</sup> en hou nie vas aan die Hoof nie, uit wie die hele liggaam ontwikkel, ondersteun en saamgebind word deur gewigte en spiere, met groeikrag wat van God kom.\*

---

\*2:12 God ... opgewek het: Ef 1:19-20

\*2:13 toe julle ... gemaak: Ef 2:1,5

\*2:14 Hy het ... weggeneem: Ef 2:14-15

\*2:14 aan ... vasgespyker het: Ef 2:16; 1 Pet 2:24

\*2:15 Ps 68:19; Ef 4:8

<sup>m</sup>2:15 **triomftog**: Verwys na die gebruik dat die seëvierende Romeinse generaal krygsgevangenes in 'n triomftog Rome ingelei het.

\*2:16 Rom 14:1-12

\*2:17 Hierdie ... kom was: Heb 8:5; 10:1

<sup>n</sup>2:17 **werklikheid**: Letterlik 'liggaam'.

\*2:19 Hoof ... God kom: Ef 2:21; 4:15-16

## Nuwe lewe in Christus

<sup>20</sup> \* As julle saam met •Christus die kosmiese elemente<sup>o</sup> afgesterf het, waarom is julle, asof julle nog as deel van die wêreld leef, steeds gebonde aan voorskrifte soos: <sup>21</sup> “Moenie daaraan vat of proe of raak nie”? <sup>22</sup> Dit is alles dinge wat deur gebruik tot niet gaan, en gebaseer is op mensgemaakte voorskrifte en leringe.\* <sup>23</sup> Hoewel hierdie voorskrifte met hulle selfopgelegde godsdienstplichte, geveinsde nederigheid en liggaamlike kastyding,\* die skyn van wysheid het, is dit heeltemal nutteloos, maar dien tot bevrediging van die sondige aard.\*

### 3

<sup>1</sup> As julle dan saam met •Christus opgewek is,\* streef na dit wat daarbo is, waar Christus aan die regterhand<sup>p</sup> van God sit.\* <sup>2</sup> \*Bedink die dinge daarbo, nie die dinge op aarde nie. <sup>3</sup> Julle het immers gesterf\* en julle lewe is saam met Christus verborge in God. <sup>4</sup> Wanneer Christus verskyn, Hy wat julle lewe is,\* sal julle ook saam met Hom in heerlijkheid verskyn.\*

---

\***2:20** Gal 4:3-5,9

<sup>o</sup>**2:20 kosmiese elemente:** Vgl voetnoot in Ef 2:8.

\***2:22 mensgemaakte ... leringe:** Jes 29:13; Matt 15:9

\***2:23 liggaamlike kastyding:** 1 Tim 4:3

\***2:23 bevrediging ... aard:** Rom 13:14

\***3:1** As ... opgewek is: Kol 2:12

<sup>p</sup>**3:1 regterhand:** 'n Posisie aan die •regterhand van 'n persoon is gesien as 'n posisie van voorrang.

\***3:1 waar ... sit:** Ps 110:1; Matt 22:44; Mark 16:19; Hand 2:34; Ef 1:20; Heb 1:3; 8:1; 10:12; 12:2

\***3:2** Matt 6:33

\***3:3** Julle ... gesterf: Rom 6:2; 2 Kor 5:14

\***3:4 Christus ... lewe is:** Gal 2:20; Fil 1:21

\***3:4** julle ook ... heerlijkheid verskyn: 1 Kor 15:43; Fil 3:21; 1 Joh 3:2

<sup>5</sup> \*Daarom moet julle daardie deel van julle wat op die aardse gerig is, doodmaak: seksuele losbandigheid, onreinheid, wellus en slegte begeertes, en ook gierigheid, wat afgodediens is. <sup>6</sup> \*As gevolg van sulke dinge kom die straf van God oor die seuns van die ongehoorsaamheid.<sup>q</sup>  
<sup>7</sup> Ook julle het vroeër daaraan meegedoen, toe julle nog onder hulle geleef het. <sup>8</sup> \*Maar raak ook julle van al hierdie dinge ontslae: woede, driftigheid, kwaadwilligheid, lastering en onweloweglike taal wat uit julle mond kom. <sup>9</sup> Moenie vir mekaar lieg nie,\* aangesien julle die ou mens en sy gewoontes uitgetrek het\* <sup>10</sup> \*en die nuwe mens aangetrek het<sup>r</sup> wat tot volle kennis en na die beeld van sy Skepper\* vernuwe word. <sup>11</sup> \*By die nuwe mens is daar nie onderskeidings soos Griek<sup>s</sup> of Jood, besnedene of onbesnedene, barbaar<sup>t</sup> of Skittiër,<sup>u</sup> slaaf of vry persoon nie, maar Christus is alles en in almal. <sup>12</sup> Daarom, omdat julle God se uitverkore\* •heiliges en geliefdes is,

---

\***3:5** Rom 6:6,11; 8:13; Ef 4:19; 5:3,5

\***3:6** Ef 5:6

<sup>q</sup>**3:6 seuns ... ongehoorsaamheid:** 'n Semitiese idioom wat ook vertaal kan word “mense wat ongehoorsaam is”. In sommige mss ontbreek hierdie woorde.

\***3:8** Ef 4:25-31; 5:4

\***3:9 Moenie ... lieg nie:** Ef 4:25

\***3:9 aangesien ... uitgetrek het:** Ef 4:22

\***3:10** Ef 4:24

<sup>r</sup>**3:9-10 uitgetrek ... aangetrek het:** Die beeldspraak van klere aantrek en uittrek word hier gebruik om die gelowige se aflê van 'n sondige leefstyl en aanneem van 'n nuwe leefstyl as Christen te verduidelik.

\***3:10 na die ... Skepper:** Gen 1:26-27

\***3:11** Gal 3:28; 1 Kor 12:13; Rom 10:12

<sup>s</sup>**3:11 Griek:** 'n Term vir alle nie-Jode.

<sup>t</sup>**3:11 barbaar:** Dui hier op nie-Griekse, mense wat nie bekend was met die Griekse taal en kultuur nie.

<sup>u</sup>**3:11 Skittiër:** 'n Volk wat destyds die toonbeeld van onbeskaafdheid was.

\***3:12 God se uitverkore:** 1 Pet 2:9

beklee julleself met innige meelewing, goedheid, nederigheid, sagmoedigheid en geduld.\* <sup>13</sup> Verdra mekaar en, as enigiemand 'n klagte teen iemand anders het, vergewe mekaar. Soos die Here julle vergewe het, so moet julle ook vergewe.\* <sup>14</sup> \*Maar beklee julle, bo en behalwe al hierdie dinge, met die liefde, wat die band is wat alles volmaak saambind.  
<sup>15</sup> Verder, laat die vrede van Christus in julle harte regeer.\* As lede van een liggaam is julle juis daartoe geroep.\* En wees dankbaar. <sup>16</sup> Laat die woord van Christus<sup>v</sup> in sy volle rykdom in julle woon. Leer en vermaan mekaar in alle wysheid deur met dankbare harte psalms, lofgesange en geestelike liedere tot eer van God te sing.\* <sup>17</sup> En wat julle ook al doen, in woord of daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus,\* terwyl julle God die Vader deur Hom dank.\*

### Voorskrifte vir verhoudings

<sup>18 w\*</sup> Vroue, julle moet onderdanig wees aan julle mans, soos dit gepas is vir mense in die Here. <sup>19</sup> Mans, julle moet julle vroue liefhê\* en nie

---

\***3:12** *beklee ... geduld*: Ef 4:2,32

\***3:13** *vergewe mekaar ... ook vergewe*: Matt 6:14; Ef 4:32; 5:2

\***3:14** Rom 13:8,10; Ef 4:3

\***3:15** *laat ... regeer*: Fil 4:7

\***3:15** *As lede ... geroep*: 1 Kor 12:13,27; Ef 4:4

<sup>v</sup>**3:16** *woord van Christus*: Hierdie spesifieke frase kom net hier in die NT voor en verwys na die evangelie; vgl 1 Tim 6:3; Heb 6:1; Op 3:8.

\***3:16** *Leer ... sing*: Ef 5:19

\***3:17** *En wat ... Jesus*: 1 Kor 10:31

\***3:17** *terwyl ... dank*: Ef 5:20

<sup>w</sup>**3:18 — 4:1** Hierdie verse word aangebied in die vorm van •huishoudelike voorskrifte wat aansluit by die destydse gesinstruktuur; vgl ook Ef 5:22 — 6:9; Tit 2:5; 1 Pet 2:18; 3:1-7; •Huishoudelike voorskrifte.

\***3:18** Gen 3:16; Ef 5:22; 1 Pet 3:1

\***3:19** *Mans ... liefhê*: Ef 5:25; 1 Pet 3:7

verbitterd teenoor hulle raak nie. <sup>20</sup> \*Kinders, julle moet julle ouers in alle opsigte gehoorsaam omdat dit vir die Here aanneemlik is. <sup>21</sup> Vaders, julle moenie julle kinders treiter\* sodat hulle moedeloos word nie. <sup>22</sup> \*Slawe, julle moet julle aardse eienaars in alle opsigte gehoorsaam; nie met oëdiens<sup>x</sup> asof julle mense wil behaag nie, maar met 'n opregte hart, uit ontsag vir die Here. <sup>23</sup> Wat julle ook al doen, werk met geesdrif, soos vir die Here en nie soos vir mense nie, <sup>24</sup> in die wete dat julle 'n erfdeel as beloning van die Here sal ontvang; want julle staan in diens van die Here •Christus. <sup>25</sup> Elkeen wat verkeerd doen, sal immers vir sy verkeerde daade vergeld word; niemand word volgens die uiterlike beoordeel nie.\*

## 4

<sup>1</sup> \*Julle, eienaars, julle moet aan julle slawe gee wat reg en billik is in die wete dat julle ook 'n Eienaar in die hemel het.

### Gebed en optrede met wysheid

<sup>2</sup> Volhard in gebed.\* Wees waaksaam en dankbaar as julle bid. <sup>3</sup> Bid terselfdertyd ook vir ons dat God vir ons 'n deur vir die Woord sal oopsluit om die misterie van •Christus te verkondig\* — dit waarvoor ek in boeie is — <sup>4</sup> en bid dat ek dit met die regte woorde sal kan verduidelik.\* <sup>5</sup> \*Tree met wysheid teenoor buitelanders op, en koop die

---

\*3:20 Ef 6:1

\*3:21 Vaders ... treiter: Ef 6:4

\*3:22-25 Ef 6:5-8

<sup>x</sup>3:22 oëdiens: Diens wat verrig word om raakgesien te word.

\*3:25 niemand ... nie: Deut 10:17; 2 Kron 19:7; Hand 10:34; Ef 6:9

\*4:1 Lev 25:43,53; Ef 6:9

\*4:2 Volhard in gebed: Ef 6:18; Fil 4:6; 1 Thess 5:17

\*4:3 Bid ... verkondig: Ef 6:19; 2 Thess 3:1; Rom 15:30; 1 Kor 16:9

\*4:4 dit waarvoor ... verduidelik: Ef 6:20

\*4:5 Ef 5:15-16; 1 Thess 4:11-12

tyd uit. <sup>6</sup> Julle woorde moet altyd van goeie smaak getuig\* met •sout besprinkel,<sup>y</sup> sodat julle kan weet hoe om 'n ieder en 'n elk te antwoord.\*

### Laaste opdragte en groete

<sup>7</sup> \*Tigikus, die geliefde broer, getroue dienaar en medewerker<sup>z</sup> in die Here, sal alles oor my omstandighede aan julle bekend maak. <sup>8</sup> Juis hiervoor stuur ek hom na julle, sodat julle van ons omstandighede kan weet en sodat hy julle harte kan bemoedig. <sup>9</sup> Ek stuur hom saam met Onesimus, die getroue en geliefde broer,\* wat van julle af kom. Hulle sal julle alles van ons omstandighede hier vertel.

<sup>10</sup> Aristargus, my medegevangene,\* stuur groete vir julle, en ook Markus, Barnabas se neef.\* Oor hom het julle reeds opdragte ontvang — wanneer hy by julle kom, verwelkom hom. <sup>11</sup> Dieselfde geld ook Jesus, wat Justus genoem word. Van diegene wat uit die besnydenis kom, is hulle die enigste medewerkers vir die •koninkryk van God; en hulle het 'n troos vir my geword. <sup>12</sup> Epafra, een van julle, 'n dienskneg van •Christus Jesus,\* stuur vir julle groete. Hy worstel voortdurend vir julle in sy gebede dat julle volkome en met volle oortuiging staande mag bly in alles wat God wil. <sup>13</sup> Ek getuig van hom dat hy baie moeite doen vir julle en die mense in Laodisea en Hiërapolis. <sup>14</sup> Lukas, die geliefde dokter, en Demas\* groet

---

\* 4:6 Julle ... getuig: Ef 4:29

<sup>y</sup>4:6 met ... besprinkel: Dui daarop dat sout kos smaaklik maak; vgl Mark 9:50.

\* 4:6 sodat ... antwoord: 1 Pet 3:15

\* 4:7-8 Ef 6:21-22

<sup>z</sup>4:7 medewerker: Letterlik 'medeslaaf'.

\* 4:9 Onesimus ... broer: Filem vs 10-12

\* 4:10 Aristargus my medegevangene: Hand 19:29; 27:2; Filem vs 24

\* 4:10 Markus ... neef: Hand 12:12,25; 13:13; 15:37-39; Filem vs 24

\* 4:12 Epafra ... Jesus: Kol 1:7; Filem vs 23

\* 4:14 Lukas ... Demas: 2 Tim 4:10,11; Filem vs 24

julle. <sup>15</sup> Groet die broers<sup>a</sup> in Laodisea, en ook Nimfa en die •gemeente wat in haar huis bymekaarkom. <sup>16</sup> En wanneer hierdie brief by julle voorgelees is, sorg dat dit ook in die gemeente van Laodisea voorgelees word, en dat julle ook die brief wat van Laodisea af kom, voorlees. <sup>17</sup> Sê ook vir Argippus:<sup>\*</sup> “Let op die bedieningsopdrag wat jy van die Here ontvang het, sodat jy dit uitvoer.”

<sup>18</sup> Dié groetwoorde in my eie handskrif: *Van Paulus*.<sup>\*</sup> Dink aan my boeie.

### Seëngroet

Die genade bly met julle.

---

<sup>a</sup>**4:15 broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

<sup>\*</sup>**4:17 Argippus:** Filem vs 2

<sup>\*</sup>**4:18 Dié groetwoorde ... Paulus:** 1 Kor 16:21; 2 Thess 3:17